

### **Sing vooraf staande: Psalm 37:2, 4 (p. 182)**

- 2 Vertrou op God: die hart en hand / in troue diens aan Hom verpand.  
Verlustig jou in Hom altyd / wat mild'lik gee en nooit verwyd.
- 4 Al bruis dit in jou omdat lis / en leuen hier voorspoedig is –  
swyg voor die HEER, gerus en stil, / jou wil verenig met sy wil.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

### **Psalm 18:1, 9 (p. 71)**

- 1 Ek het U hart'lik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.  
Die HEER's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,  
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,  
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.
- 9 Sy hand het Hy van bo gestrek, / gegryp, uit dieptes my getrek,  
my vyande, te sterk vir my, / gebreidel in hul raserny.  
Hul 't aangestorm. 'n Dag van nood! / Maar God, my helper, was naby;  
in ruimtes is ek uitgelei, / want sy behaer in my was groot.

### **Gebed**

#### **Psalm 25:2, 6 (p. 115)**

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;  
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.  
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;  
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.
- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?  
God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.  
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;  
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.

**Skriflesing:** Romeine 6:1-14; Heidelbergse Kategismus, Sondag 33:88

**Kernvers:** Romeine 6:5-6, 11

**Want as ons met Hom saamgegroeï het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding; aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.**

**So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here. (Romeine 6:6-7, 11 AFR1953)**

### **Heidelbergse Kategismus**

**Vraag 88: Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?**

**Antwoord: Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens (a).**  
(a) Rom 6:1, 4-6; Ef 4:22-24; Kol 3:5, 6, 8-10; 1 Kor 5:7; 2 Kor 7:10.

**Tema:** Bekering is die noodwendige gevolg van verlossing

**Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom!** So het Johannes die Doper sowel as Jesus hulle prediking begin. Hierdie oproep tot bekering was nie tot volslae heidene en ongelowiges gerig nie, maar tot mense wat die Here geken en gedien het. Vir baie het hierdie oproep hulle dwars in die krop gestee. Geliefde gemeente van Christus, net soos wat baie Jode destyds aanstoot geneem het oor die oproep tot bekering, net so neem baie gelowiges vandag ook aanstoot as hulle aangesê word om hulle te bekeer. 'n Gelowige hoef hom mos nie te bekeer nie, want die Here het hom mos klaar 'n kind van God gemaak. Nee, jy moet eerder die heidene en ongelowiges tot bekering gaan oproep. Daarmee het ons nie 'n probleem nie. Maar as jy nou kom en ons as gelowige Christene tot bekering oproep, voel my eie ek gekrenk. 'n Oproep tot bekering veronderstel dat daar iets verkeerds, onchristelik en onbybels in my lewe is.

Mense het hierdie vreemde idee dat as hulle deur Jesus Christus van hulle sondeskuld verlos is en deur die Heilige Gees met die bloed van Christus skoon gewas is en nou kinders van God is, is die ergste verby. Hulle is nou kinders van God en dit sal nooit verander nie. Hierdie laaste sin is die volle waarheid indien 'n mens die uitverkiesing bely.

Wanneer 'n mens mooi luister wat die Here sê, sien 'n mens dat Hy 'n sekere aantal mense in die ewigheid reeds uitgekies het en in die tyd het Hy hulle sy kinders gemaak deur Jesus Christus en deur die kragtige werk van die Heilige Gees. En daar is niks wat die Here kan keer om sy besluit uit te voer nie. Die mense wat Hy uitverkies het, sal Hy tot geloof laat kom. En die mense wat reeds tot geloof gekom het, sal Hy so deur sy Gees en Woord lei en bewaar dat hulle in die geloof sal volhard. Die getal van die uitverkorenes kan nie verminder nie.

Nou gebeur dit egter ook so dat mense die tweede vraag in Romeine 6:1 'n lewenstyl maak, selfs al bely hulle nie die uitverkiesing nie. Hulle gaan van die standpunt uit dat God liefdevol en genadig en barmhartig is. En hulle is reg, maar hulle beklemtoon die liefde, genade en barmhartigheid van die Here so erg dat 'n mens sou kon dink dat God net liefdevol, genadig en barmhartig is. Dit is gewoonlik ook die mense wat 'n *Liewe Jesus*-teologie aanhang. Jesus is vir hulle die sagmoedige Verlosser wat net nooit kan kwaad word nie. En God is vir hulle die liefdevolle God wat altyd maar sal vergewe. En dan redeneer hierdie mense: Ek kan maar sonde doen. God is mos 'n liefdevolle, genadige en barmhartige God wat maklik jammer kry en maklik weer sal vergewe. Hierdie mense praat ook nie meer oor die Tien Gebooe nie, wat nog te sê om dit te lees en te oordink. Volgens hulle is die tyd van die wet mos verby. Ons word mos net uit genade gered en nie uit ons werke nie.

Die probleem met sulke redenasies is dat 'n mens die eienskappe van die Here teen mekaar afspeel. Dit is wel waar dat God liefde is, en Hy is ook barmhartig, en Hy is ook genadig. En Hy is altyd so. Daar is nie een oomblik wat ons sal kan sê dat God nie liefde, barmhartig of genadig is nie. Maar dit is nie al wat ons van God kan sê nie. Hy maak Homself immers ook bekend as regverdig, én heilig. En Hy is altyd ook so – regverdig en heilig. Daar is nooit een oomblik wat God nie regverdig en heilig is nie. En daarom haat Hy altyd die sonde.

Daar is selfs mense wat die uitverkiesing bely en die argument van die tweede vraag in vers 1 ook hulle lewenstyl maak. Hulle gebruik die vaste besluit van God oor die uitverkiesing as die rede waarom hulle maar 'n skouerophaalhouding kan inneem teenoor die sonde. Hulle redeneer dat 'n mens maar te kere kan gaan met jou lewe soos wat jy wil; jy is mos 'n kind van God; Hy het so besluit, en niks kan hierdie besluit van God verander nie, nie eers jou roekelose lewe nie.

'n Mens wat so redeneer, hou hom vreeslik slim. Jy kan mos nie die geskenk van die Here gebruik om jou eie sondige begeertes te regverdig of goed te praat nie. As jy so maak, is jy verwaand en eien jy jouself die genade van die Here toe asof jy 'n reg daarop het. Die ewige besluit van God oor wie sy kinders is, is nie vir ons 'n verskoning om sonde te doen nie. As ons dit doen, maak ons die Here se genade goedkoop, so asof dit maar net 'n gewone gebruiksartikel is. Ek kan dit maar opgebruik, daar is nog baie waar dit vandaan kom. Die genade van die Here is nie goedkoop nie –

dit is bitterlik duur. Dit is die lewe van Jesus Christus wat geoffer is aan die houtkruis. Dit is die Seun van God wat Homself oorgegee het om verbrysel te word onder die las van my en jou en die hele wêreld se sonde sodat ons vergifnis kan ontvang. 'n Mens kan nie mors met die Here se genade nie.

Aangesien die genade van God nie goedkoop is nie, en aangesien die genade van Christus waarin die Heilige Gees ons laat deel wanneer Hy ons wedergebore kinders van God maak, kom die antwoord hard en duidelik: Ware gelowiges kan beslis nie maar aanhou sonde doen sodat die genade kan toeneem nie! Daar is geen manier wat 'n gelowige maar in die sonde kan volhard net omdat God 'n barmhartige God is nie.

En die motivering vir hierdie duidelike antwoord, word met 'n vraag gestel: **Hoe kan ons wat dood is vir die sonde, nog daarin voortlewe?** Hierdie vraag laat dadelik die vraag by 'n mens ontstaan: Maar wanneer het ons dan doodgegaan vir die sonde?

Die antwoord op hierdie laaste vraag is in vers 6 opgesluit. **Ons ... weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.** Ons ou mens het reeds gesterf. Dit het gebeur toe Jesus aan die kruis gehang het. Ons ou mens is saam met Jesus gekruisig. So verenig die Heilige Gees ons deur die geloof met Christus.

Toe Jesus aan die kruis vir ons gesterf het, het Hy nie net ons sondeskuld betaal nie. Hy het ons ook van die heerskappy van die sonde verlos. Ons ou mens, die mens wat met die Satan teen God saamgespan het, die mens wat my en jou so gevange gehou het dat ons niks anders as sonde kon doen nie, is gekruisig en doodgemaak in die kruisiging en dood van ons Here Jesus. Daar is die seggenskap van my en jou ou mens beëindig. Daarom kan 'n ware gelowige nie meer 'n slaaf van die sonde wees nie.

Die dood van ons ou mens is so 'n werklikheid dat Paulus dit nog sterker wil uitdruk deur te sê: **Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde.** Die enigste manier om van sonde geregverdig te wees is wanneer die sondaar self, of iemand wat deur God aangewys is, die prys van die sonde betaal het. Die straf op die sonde is reeds gedra. Christus het dit in ons plek ondergaan. En omdat die Heilige Gees ons een maak met Christus is sy dood aan die kruis ook ons ou mens se dood.

Nou sal iemand kan vra: Is ons ou mens regtig dood? Want as ek in die spieël gaan kyk, sien ek die sondaar raak. Ek het nog steeds hierdie geneigdheid om die sonde te doen, en die gelowige mense saam met my in die huis loop ook maar deur onder my sonde, soos wat ek soms onder hulle sonde deurloop. Is my ou mens nou dood of nie? Hierop moet ons antwoord: ja en nee.

Ja, want ons ou mens is saam met Christus gekruisig. Maar die antwoord is ook nee, want stukke van ons ou mens se geaardheid het nog in ons oorgebly. En 'n geaardheid is iets wat nie sommer so eensklaps doodgaan nie. Dit word stadig maar seker doodgemaak. Dit is 'n proses. So lank as wat ek en jy in hierdie lewe is, sal hierdie proses aanhou. En eers op die dag van ons eie dood sal die proses voltooi wees. Dan sal dit vir goed verby wees met ons ou mens.

Gelukkig los die Here ons ook nie om hierdie proses alleen deur te gaan. Buitendien, as Hy ons alleen sou gelos het met hierdie proses sou ons geen poging aangewend het om die ou mens in ons af te sterwe nie. Daarom het Christus sy Gees aan ons gegee, sodat dit wat Hy aan die kruis vir ons gedoen het praktyk kan word in ons lewe van elke dag. Deur die Heilige Gees maak ons 'n einde aan ons sondige praktyke – ons sterf die ou mens af.

Die afsterwing van ons ou mens is nie iets vaag en onduidelik nie. Daar is praktiese stappe waarin die Heilige Gees ons lei. Hierdie stappe is die volgende: droefheid oor my sonde, haat vir die sonde

en wegvlug van die sonde.

Om bedroef te wees oor die sonde is heeltewel iets anders as om hartseer te wees omdat ons swaarkry as gevolg van ons sonde. Wanneer 'n mens bedroef is oor die gevolge van die sonde gaan dit weer oor myself en nie oor God nie. Maar die mens wat van harte berou het oor sy sonde, is bedroef omdat hy vir God oneer aangedoen het. Eers wanneer ek bedroef is omdat ek God se eer geskend en sy geboorte verag het, is my droefheid deel van ware bekering. Dit is hierdie droefheid wat die Here by Dawid gevind het na sy owerspel met Batseba. In Psalm 51 sê Dawid: **Teen U alleen het ek gesondig**. Ja, Dawid het teenoor mense ook gesondig, maar in die eerste plek het hy teen God gesondig en dit is so erg dat Dawid sê: **Teen U alleen het ek gesondig**. 'n Ander kenmerk van hierdie droefheid oor die sonde is dat 'n mens dan nie jou klere skeur nie maar jou hart. Jy is hartseer oor jou sonde.

Omdat 'n mens van harte berou het dat jy met jou sonde God vertoorn het, sal jy nie anders kan nie as om die sonde te haat. Om die sonde te haat is meer as om dit net uiterlik na te laat. In jou hart moet daar 'n weersin teenoor die sonde groei, want dit is juis jou sonde wat maak dat jy 'n vyand van God word. Om maar net die sonde uiterlik na te laat en nie van harte te haat nie, gaan veroorsaak dat 'n mens steeds die sonde in jou hart vertroetel en daarna verlang wat daartoe gaan lei dat 'n mens dit weer doen. Daarom moet ons die sonde met 'n passie haat. Dit kan ons alleen regkry deur die kragtige inwerking van die Heilige Gees en ons eenwording met Christus. Christus haat sonde en daardie gesindheid van Christus moet meer en meer ons gesindheid word.

Hierdie innerlike afsterwing van ons ou mens word ook in ons uiterlike lewe sigbaar. Daarmee bedoel ons dat ons van die sonde af moet wegvlug. Ons moenie dink dat ons sterk genoeg is om naby die dinge en plekke te bly en nie weer verlei en getrek sal word om sonde te doen nie. Ons moet padgee! Moenie bly by die dinge wat jy weet jou weer kan plattrek nie. Die Satan is magtig en self kan ons hom nie bestry en afweer nie. Kom weg van die dinge en plekke wat jou verlei anders gaan jy weer God se eer skend en sy geboorte verag, want as jy toegee aan die verleiding gaan jy blind word vir dit wat reg is.

Om hartseer te wees oor die sonde, dit te haat en daarvan weg te vlug, is net die een helfte van daaglikse bekering. Die ander deel wat die Heilige Gees gelyklopend in ons laat gebeur, is die opstanding van die nuwe mens. As ons van die sonde wegvlug en dit haat, moet daar in ons liefde groei en moet ons iewers heen vlug, of eerder na iemand toe vlug.

Teenoor die hartseer en droefheid oor die sonde staan die hartlike vreugde in God deur Christus. In 'n Christen se lewe is daar droefheid en blydschap – droefheid oor die sonde en blydschap omdat ons weet dat al ons sondes om Christus ontwil deur God vergewe is. Eers op die nuwe aarde sal hierdie blydschap volmaak wees. Tans beleef ons hierdie gemengde gevoelens van droefheid oor die sonde en blydschap in Christus.

Alhoewel ons sulke gemengde gevoelens beleef, mag die vreugde en blydschap nie by ons ontbreek nie. Trouens, die Here roep ons in die brief aan die Filippense op om bly te wees: **Wees altyd bly in die Here!** Dit wat die wêreld ons bied, kan nooit bestendige vreugde veroorsaak nie. Alleen die Here is bestendig soos 'n rots. Laat ons dan in Hom bly wees. Wie nie in die Here bly is nie, het nog nie die verlossing deur die geloof sy eiendom gemaak nie. Hy leef nog in vrees vir die ewige dood. Maar die mens wat die verlossingswerk van Christus omhels en aanvaar dat al sy sondes vergewe is, kan nie anders nie as om blymoedig te wees. 'n Blymoedige Christen is 'n mens wat die ware bekering ken en dit daagliks toepas.

In praktyk beteken hierdie vreugde in God deur Christus dat die Christen wat hom en haar waarlik bekeer 'n lus en 'n liefde het om te doen wat God wil. Wat God wil hê ons moet doen, is baie duidelik

in die Bybel geskryf en nog meer spesifiek in die Tien Gebooie. Wie 'n vreugde daarin vind om die wet van die Here te doen, volbring die wet van die Here.

Om gehoorsaam aan die wet van die Here te lewe is vir die nuwe mens nie 'n las nie maar 'n lus, want daardeur betuig hy en sy met hulle lewe dank aan God vir die verlossing deur Jesus Christus. Dit kán gebeur omdat die Heilige Gees ons met Christus verenig en Christus se gesindheid groei meer en meer in ons soos wat die Heilige Gees al kragtiger in ons werk.

Geliefdes, daaglikse bekering is nie iets opsioneel nie. Dit is elkeen van ons se verantwoordelikheid omdat ons dankbaar is vir die verlossing wat Jesus Christus vir ons bewerk het.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 10-2 (28B)

Ons Vader wat woon in die hemel, / geheilig sy u Naam,  
laat u ryk kom, u wil geskied, / soos in die hemel so ook op die aarde.  
Gee ons vandag ons dag se brood / en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe  
die wat teen ons sondig. / Laat kom ons nie in die versoeking; / maar verlos ons van die Bose.  
Van U is die ryk en die sterkte en die ere, / vir ewig en ewig, amen / vir ewig en ewig, amen.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
2 Oktober 2011